

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

August 2021 Edition 2



Candice Cowen keeps others going

Page 5




Neeri Stroebel breaks the cycle of poverty

Page 9

Relief package supports the needy



Government is expanding the number of people who are eligible for this grant by allowing unemployed caregivers, who currently receive a Child Support Grant, to apply.

Finance Minister Tito Mboweni recently said the grant will go a long way in helping people.

“This will cost about R27 billion which we have to find in the system. Looking after our own is not just a cost, but it is an investment that we should see going forward,” he added.

President Ramaphosa said the Department of Social Development is also providing food relief.

“Government is contributing R400 million to the Humanitarian Crisis Relief Fund, established by the Solidarity Fund, to assist with the immediate needs of affected communities,” he added.

Government is implementing a range of measures to provide relief to the poor and support the recovery of the economy.

Beneficiaries of these measures include people affected by the Coronavirus Disease (COVID-19) lock-

down restrictions and the unrest experienced in some parts of KwaZulu-Natal and Gauteng recently.

“We are taking decisive action now to secure the livelihoods of millions of people who have been threatened by both the pandemic and the unrest.

“We are announcing a range of measures to support the recovery of the economy and provide relief to the poor and those who are vulnerable as a result of the measures that we had to impose to deal with COVID-19,” said President Cyril Ramaphosa.

Social Relief of Distress Grant

The President announced that government is reinstating the Social Relief of Distress Grant, to provide a monthly payment of R350 until the end of March 2022, to assist those who are unable to support themselves.

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: www.gcis.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE



Inklusiewe gemeenskappe is noodsaaklik vir SA se sukses

Alhoewel die geweld en verwoesting wat dele van KwaZulu-Natal en Gauteng onlangs geteister het, groot skade aan eiendom en mense se lewensbestane berokken het, het dit ook 'n reuse impak op die samehörigheid in ons gemeenskappe gehad.

Dit was veral ooglopend in die tragiese gebeure wat rondom Phoenix en eThekweni afgespeel het.

Tydens die ergste onluste in ons demokrasie, en in 'n klimaat wat reeds gelaai is met agterdog en paranoia, het mense wat voorheen sy aan sy in relatiewe vrede geleef het, teen mekaar gedraai.

Daar is nog baie wat aan die lig moet kom oor die gebeure wat plaasgevind het. Die toename in vals nuus, gedokterde foto's en foutiewe inligting het dit moeilik gemaak om tussen feit en fiksie te onderskei.

Maar ons weet wel, uit die amptelike verslae en persoonlike ervarings van mense, dat mense volgens rasseprofiel uitgesonder is by onwettige padblokkades, dat sommige mense uit hul motors geruk en geslaan is, en dat sommige mense verneeder en beledig is. Talle mense is om die lewe gebring.

Baie van die dinge wat gebeur het, is die onvermydelike uiteinde wanneer mense die reg in eie hande neem. Eiegeregtheid en vigilantisme sal nie in hierdie land geduld word nie. Dit is onwettig en dit is gevaarlik.

Noudat rus en vrede in

die areas herstel is, is ons wetstoepassingsagentskappe besig om alle kriminele dade te ondersoek.

'n Span speurders is aangestel om die moorde te ondersoek en werk nou saam met die plaaslike gemeenskappe. Daar is al inhegtenisnames uitgevoer en diegene wat verantwoordelik is, sal met die volle mag van die reg te doen kry.

'n Groot deel van die relaas rondom die gebeure in Phoenix is oorheers deur pogings om een ras teen 'n ander op te stook. Dit is aangeblaas deur naamlose mense wat buitensporige aantygings op sosiale media en boodskapgroepe gemaak het en wraaklustigheid onder mense gesaai het.

Daar is 'n poging om dit te laat blyk as die ineenstorting van rasseverhoudinge tussen Afrika- en Indiërgemeenskappe.

Net soos daar mense was wat probeer het om mense se weerloosheid uit te buit en chaos te veroorsaak, is daar diegene wat kriminele dade volgens rasseterme wou voorhou om hul eie agenda te dien.

Hulle sal nie slaag nie. Suid-Afrika het 'n trotse geskiedenis van beginselvaste, nie-rassige en werkersklassolidariteit. Afrika- en Indiërgemeenskappe is verenig in die stryd teen apartheid en, tesame met ander gemeenskappe, bly verbind tot 'n verenigde en demokratiese samelewing.

In antwoord op die vrees en wantroue werk die mense



van Phoenix en die aangrensende Bhambayi, Zwelitsha en Amaoti hard daaraan om die skade te herstel.

Met behulp van 'n vredesforum wat deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens op die been gebring is, in vennootskap met gemeenskapsleiers, het die gemeenskappe byeengekóm om diegene te ondersteun wat deur die onrus geraak is en om gesprekskanale te skep.

Dit is nie die enigste deel van die land wat voor sulke uitdagings staan nie.

Ons pogings om geïntegreerde gemeenskappe te bou word bemoeilik deur die nalatenskap van die beplanning onder apartheid en voortdurende ongelykheid.

Ons stede, dorpe en landelike gebiede word steeds verdeel op gronde van ras sowel as klas. Dit ontmoedig samewerking en begrip, en is 'n remskoen in ons poging om 'n nie-rassige samelewing te bou.

Om hierdie ruimtelike verwrongenheid reg te stel, moet 'n deel van ons werk

wees om 'n inklusiewe ekonomie te bou en die lewenstoestand van alle Suid-Afrikaners te verbeter.

Dit is waarom ons hard werk om florerende informele nedersettings en landelike ekonomieë te vestig en fokus op die groei van kleinsakeondernemings. Dit is waarom ons in infrastruktuur in hierdie areas belê en werk om diensverskaffing te verbeter.

Terselfdertyd moet ons rassisme in ons samelewing konfronteer. Ons moet eerlike gesprekke hê, nie net oor ons gesindhede teenoor mekaar nie, maar ook oor die materiële toestande wat ons verdeel.

Solank as wat die verdeling van rykdom en geleenthede in Suid-Afrika nog grootliks deur ras en geslag bepaal word, sal ons nie in staat wees om 'n werklik verenigde nasie te kan bou nie.

Die gebeure in Phoenix is 'n pynlike herinnering aan hoeveel werk ons nog moet doen om inklusiewe gemeenskappe te bou waar die grense van die verlede suksesvol afge-

breek is.

Hierdie gebeure toon ook hoe vasberade sommige mense is om ons te verdeel, en hoe ons alles in die stryd moet werp om hulle te weerstaan.

Dit is ons gesamentlike verantwoordelikheid om hierdie gemeenskappe in eThekweni en elders te ondersteun in hul reis na versoening en genesing.

Ons demokrasie is gebou deur brugbouers en vrede-makers. Die argitekte van ons vryheid was waagmoedige Afrika-, Indiër-, kleurling- en wit mans en vrouens wat die pad van versoening bo vergelding gekies het, wat vrede bo oorlog gestel het.

Soos ons daarna strew om van hierdie gesamentlike nasionale trauma te herstel, laat ons soos een mens saamstaan. Laat ons ons verskille oorkom ter wille van ons almal se welstand.

Laat ons saamwerk om 'n gemeenskaplike toekoms te smee waarin almal 'n gelyke aandeel het. **V**

Help leerders om hul pad te vind deur KOVID-19



OUERS EN OPVOEDERS kan leerders help om die angs en depressie wat hulle weens die koronaviruspandemie ervaar, te hanteer.

More Matshedis

Na aanleiding van die uitbreek van die koronaviruspandemie (KOVID-19) en die beperkings tydens die grendeltyd is leerders met baie uitdagings gekonfronteer.

Die konstante verandering in die leeromgewing van Suid-Afrikaanse skole kan en kan steeds tot angstigheids en vrees onder leerders lei.

Leerders moes aan 'n nuwe wêreld van aanlynleer wat soms ongereeld was en uitgestelde skoolbywoning, sosiale isolasie, verlies, rou en trauma gewoon raak, wat alles aanleiding kan gee tot 'n toename in angs en depressie.

Boitumelo Tlhapane, 'n voorligtingsielkundige aan die inklusiewe onderwyseenheid (IEU) van die Vrystaatse onderwysdepartement, sê dat dit verstaanbaar is dat leerders angstig en depressief kan voel in hierdie moeilike tye.

"In die afgelope ongeveer jaar en 'n half moes leerders by 'n nuwe manier van leer aanpas, met minder kontak en onderrigtyd.

"Baie leerders moes onafhanklik studeer terwyl hulle met onsekerheid oor hul

toekoms en die impak van KOVID-19 op hul drome, gesinne en sosiale lewe moes saamleef," sê Tlhapane.

Hanteer dit só

Sy verduidelik dat angs die vrees vir iets of die bekommernis oor iets is waarvan die uitkoms onseker is. Om leerders te help om dit te hanteer, bied sy die volgende raad:

- Verstaan dat dit normaal is om angstig of bang te wees. Dit beteken nie dat jy swak is nie. Dit is oukei om nie oukei te wees nie.
- Wat van belang is, is dit wat jy met jou vrees doen. Kom jy al die KOVID-19-reëls na wat in plek gestel is om jou en ander mense se veiligheid te verseker? Wat kan jy nog doen om jou en ander mense se veiligheid te verseker?
- Het jy betroubare inligting oor KOVID-19 in geval jy of 'n geliefde siek word?
- Het jy die ondersteuning van onderwysers, familie en vriende om jou te help wanneer jy onseker, gespanne of angstig voel? Dit is baie belangrik.

Onderwysers kan ook nie-kontakondersteuning bied deur middel van aanlynmateriaal en studiegroepe, om leerders gereeld te

herinner en te motiveer om tuis te studeer en om hulle aan te moedig om hul vrese rondom skoolgaan te kommunikeer.

"Dit is belangrik, veral vir vakke wat hulle uitdagend vind," voeg sy by.

Familie en vriende kan emosionele ondersteuning aan leerders bied in die vorm van aanmoediging en deurlopende gerusstelling, sê Tlhapane.

"Leerders moet voortdurend daaraan herinner word dat hul moeite en toewyding raakgesien en waardeer word; sodoende bou dit hulle selfvertroue."

Hoe om angstigheids te verminder

Tlhapane sê daar is verskeie maniere waarop ouers en leerders angstigheids kan beperk. Dit sluit die volgende in:

- Maak seker daar is 'n streng roetine met betrekking tot studeer, slaap en sosialisering. Dit sal leerders help om hul doelwitte te bereik en sperdatums te haal, terwyl dit hulle help om in beheer van hul studies te voel.
- Leerders moet gebruik maak van alle beskikbare hulpbronne wat deur die skool en opvoedkundige programme aangebied word, in lyn met die kur-

rikulum, wat op die televisie en radio uitgesaai word.

- Ouers kan help deur toe te sien dat leerders nie te veel blootgestel word aan KOVID-19-nuus nie, veral rondom die sterftesyfer en die samesweringsteorieë wat die rondtes doen, aangesien dit hul vrese kan aanblaas en tot meer gees-teskwelling kan lei.
- Leerders behoort hul blootstelling en deelname aan sosiale media te beperk, aangesien kosbare studietyd verlore gaan en dit die aandag van hul studies aftrek.
- Die gesin kan hul lewenstyl aanpas deur selfsorgtake soos fisiese oefening en speel in te bring.

"Indien 'n leerder 'n geliefde verloor, mag hulle simptome van droefheid ervaar soortgelyk aan depressie of angstigheids.

"Dit is belangrik dat die skool en die ouers hierdie leerders verwys vir psigo-sosiale ondersteuning wat deur die departement van basiese onderwys aangebied word, of gratis hulpbronne of die plaaslike kliniek vir 'n verwysing raadpleeg," sê Tlhapane.

Kweltekens

Ouers moet bedag wees op verskeie tekens wat kan

aandui dat die leerder hulp nodig. Dit sluit die volgende in:

- Die leerder onttrek en isoleer hom- of haarself.
- Ongereelde eet- en slaappatrone.
- Ooremosioneel, bv. deur aanmekaar te huil, geïrriteerd te wees of maklik hul humeur te verloor.
- Sukkel om te konsentreer.
- Voltooi nie take en huiswerk nie.
- Gedragsprobleme soos aggressie.
- Dink verskonings uit om nie skool toe te gaan nie.
- Aanhoudend op die foon of op sosiale media.
- Voltooi nie ander alledaagse take nie. 🚫

Vir hulp kan ouers en leerders die departement se streekskantoor besoek. Vir bystand en raad, kontak gerus die Suid-Afrikaanse Depressie en Angsgroep (SADAG) by 0800 567 567 of stuur 'n SMS na 31393. 'n Berader sal jou dan kontak.